

'N PERSPEKTIEF OP DIE SUID-AFRIKAANSE DRAMA SEDERT 1894

1. Die Elite Kompromie/Sameswering van 1993/94

n-d.

Die ooreenkoms wat gedurende die onderhandelinge aangegaan is, was nie 'n Elite Kompromie nie – soos die wit en swart elite (sowat 10 miljoen mense) graag voorgee en glo. Dit was in werklikheid 'n Elite Sameswering tussen die drie magsgroepe wat aan die onderhandelings deelgeneem het: die ±5 miljoen blankes (en veral die blanke sakesektor), die binnekring van die ANC wat ook sowat 5 miljoen mense was en die Amerikaanse empire wat deur die Amerikaanse regering, die Wêreldbank en die IMF verteenwoordig was.

Elkeen van hierdie drie "magsblokke" het in 1993/94 gekry wat hulle wou gehad het.

- a) Die wit sakesektor is vrygestel van die reusagtige apartheidskuld wat hy opgebou het deur swartmense vir 100 jaar meedoënloos uit te buit. Terwyl die swartmense se strukturele armoede onverdiend was vanweë die uitbuiting, was die strukturele rykdom wat die witmense opgebou het, ook onverdiend omdat dit deur die uitbuiting van swartmense verkry is. Alhoewel dit uit 'n eng juridiese oogpunt beskou, seker nie onwettig was dat die blankes se apartheidskuld "afgeskryf" is nie, was dit egter hoogs immoreel om voor te gee dat die blankes se hande "skoon" was in 1994!
- b) Die ANC Elite het die reg verkry om na hy 'n meerderheid in 'n "demokratiewe" verkiesing verkry is, die land te regeer, belasting te in ^{na} en ^{na} eie oordeel te bestel.
- c) Met die Elite Sameswering het die Amerikaners Suid-Afrika ingelyf by die Amerikaans-geleide globale kapitalistiese empire as 'n post-koloniale sateliet. Sedert 1994 moet ons na die pype van die Amerikaners dans.

2. Die uitbuiting van swartmense gedurende die "Eeu van Onreg" (1894 – 1994)

Die uitbuiting en die onderdrukkende maatreëls wat van 1894 tot 1994 op swartmense (Afrikane) van toepassing was, was baie erger en meer immoreel as wat die meeste blankes besef of gewillig is om toe te sien. Dit is die oorsaak van die groot swart armoede. Laat ek net vier vorme van uitbuiting en verontregting gedurende die "Eeu van Onreg" noem:

Eerstens, het die "Land Act" miljoen swartes tot trekarbeiders gereduseer wat van 1913 tot 1969 kontantlone ontvang het wat laer as die lone van 1896 was.

Tweedens, het Dr Verwoerd se instromingsbeleid van 1952 die "dompas" ingestel waardeur die bewegingsvryheid en die waardigheid van swartes ernstig ingekort is. Dit het tot 'n skerp afname van lone van 1952 tot 1986 gelei.

Derdens, het die stagflasië van 1974 tot 1994 tot grootskaalse werkloosheid gelei toe die ekonomie meer kaitaalintensief geword het. Werkloosheid (hoofsaaklik in swart geledere) het van 20% in 1970 tot 36% in 1996 gestyg. Werkloosheid volgens die ruim definisie is tans hoër as 40% en bokant 60% vir swartes jonger as 30 jaar.

Vierdens, het swartes tot in 1976 bitter min onderwys- en gesondheidsdienste ontvang wat die verbetering van hulle produktiwiteite ernstig aan bande gelê het.

3. Die onmiddellike gevolge van die Elite Sameswering

Die Elite Sameswering van 1993/94 het verreikende gevolge vir verskillende groeperings in ons Verdeelde Land gehad.

- a) Die wit mense het in 1994 'n besonder "sagte landing" in die nuwe Suid-Afrika gekry. Die onvoorwaardelike kwytskelding van die apartheidskuld wat hulle in die "Eeu van Onreg" (1894 – 1994) opgebou het, was moreel 'n groot flater. Vanweë hierdie kwytskelding sal die swart-armoede waarin meer as 50% van die swartes struktureel vasgevang is bly voortbestaan.
- b) Die swart elite (sowat 5 tot 8 miljoen hoofsaaklik swart mense) wat tot die binnekring van die ANC behoort, het in 1994 die reg gekry om as die wenner van "demokratiese" verkiesings 25% van die nasionale inkome "weg" te belas en om die staatsinkome te bestee soos hulle goed dink op voorwaarde dat hulle nie die toorn van die wit sakektor ontlok nie en op voorwaarde dat hulle nie die bepalings van die Washington Konsensus sal verbreek nie. (Indien hulle hierdie voorwaardes sou verbreek, sal die kredietrangering-instellings in New York SA se kredietwaardigheid verlaag).
- c) 'n Derde gevolg van die Elite Sameswering is dat die armste 50% van die bevolking (byna volledig swart) so te sê volledig *uitgesluit* is van die ekonomie en van die nuwe staatsbestel. Indien ons die Verdeelde Land verdeel in 'n Rykdomsland (van 10 miljoen mense) en 'n Armoede-land van 25 miljoen mense kan ons die ander 15 miljoen beskou as die bewonders van die "Tussenland". Hierdie groep is gedeeltelik uitgesluit van die voordele van die ekonomie en van die nuwe staatsbestel. Sommige van hulle kan opbeweeg na die Rykdomsland terwyl baie die gevaar loop om af te skuif na die Armoedeland.

4. Die implikasies van die Elite Sameswering oor die afgelope 20 jaar

- a) Ná die "sagte landing" wat die blankes in 1993/94 gekry het, het hulle rykdom aansienlik toegeneem oor die afgelope 20 jaar danksy die appresiasie van die bates waaroor hulle in 1994 beskik het en danksy die groeikoers van $\pm 3\%$ wat sedert 1994 behaal is.
- b) Terwyl die blankes (nou slegs 9% van die bevolking) 'n "sagte landing" in 1994 gekry het, het die armste 50% van die bevolking nie net 'n uiters "harde landing" in die nuwe Suid-Afrika gekry nie, maar is hulle gedurende die afgelope 20 jaar ook "hardhandig" deur die ANC-regering behandel. Gegewe die aard, die oorsprong en die omvang van die van die strukturele armoede waarin die armste 50% vasgevang sit, is die dienste en die toelaes wat oor die afgelope 20 jaar tot hulle beskikking gestel is, heeltemal ontoereikend.
- c) Die reg wat die ANC as "demokraties" verkose regering gekry het is om 25% van die volksinkome "weg te belas" en om na eie oordeel te bestee, het tot die grofste wanregering denkbaar gelei. Die geld wat die ANC-regering so kwistig vermors op ANC elite formasie het die armoede waarin die verarmde swartes vasgevang sit, ernstig vererger. Streng gesproke is dit nie die belastingbetalers se geld wat so roekeloos deur die ANC-regering vermors word nie. Die biljoene der biljoene Rande wat die ANC-regering op korrupsie en ook elite-formasie vermors, is geld wat in werklikheid op ~~swartarmoede~~ ^{die verarmde swartmanse} bestee moes gewees het om die armes te vergoed vir die biljoene Rande wat gedurende die "Eeu van Onreg" van hulle weggeneem is. Die hoofsaaklik swart ANC-regering staan moreel ten sterkte veroordeel omdat hy sedert 1994 diegene wat struktureel in swartarmoede vasgevang sit, onmenslik sleg behandel.

Dit is 'n skande dat die ANC-regering nie meer op swart-opheffing, op die opruiming van die informele woonbuurtes en op die bekamping van geweldmisdad bestee nie. Die uiters swak swart onderwysstelsel moet reggeruk word en die krotbuurtes moet van die nodige infrastrukture voorsien word. In die openbare sektor moet korrupsie met wortel en tak uitgeroei word en 'n doeltreffende staatsdiens moet gebou word.

Wat is die kanse dat dit sal gebeur? Waarskynlik nul.